LAERSKOOL UNIKA

ONS BOU

# inligtingsbrief

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**15 Julie 2019 / Nr. 21**

## 1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die **eerste week** van kwartaal 3 het goed verloop en weereens sê ons graag baie **welkom terug** aan almal. **Sterkte** vir die kwartaal en mag ons net groei van krag tot krag.

Ons sien verskriklik uit na ons **kultuurfees** wat komende **Woensdag, 17 Julie** by Unika plaasvind. Almal is welkom om hierdie geleentheid met ons te deel. Kaartjies sal ook op die dag beskikbaar wees. Sien die program onderaan. Let wel dat daar **geen buitemuurse aktiwiteite** sal plaasvind op die dag nie.

Volgende week begin die **toetsreeks**. Sien toetsrooster onderaan. Baie sterkte aan al die leerders!

Hierdie week begin die **hokkieliga vir die dogters –** sterkte aan al die dogters wat gaan deelneem.


## 2. KULTUURFEES

**Belangrike reëlings:**

- Alle leerders wat deelneem aan sang-of instrumentale items moet reeds 15:00 by die skool wees vir 'n klanktoets.
- Kleredrag: Gewone klere. Onthou skoolklere indien u kind in die koor sing.
- Daar is nie toesig vir die leerders nie, ouers moet asb die leerders na die byeenkoms vergesel. Indien u vasbrand, e-pos juffrou Maritza voor Dinsdag, 16 Julie sodat daar met die naskool gereël kan word vir toesig vir u kind tot u by die skool kan wees (nie later as 17:30 nie).
- Instrumente en kostuums kan in juffrou Maritza se klas gebêre word indien leerders nie huis toe gaan ná skool nie. Die klas sal oop wees vanaf 07:00 Woensdagoggend.
- Kaartjies sal ook by die hekke verkoop word.
- Bring kontant vir die stalletjies.










**Kinderkuns: Veiling**



Veiling begin
16:30 – 20:30

Kom ondersteun Unika se jong kunstenaars.

Die persoon wat die hoogste offer maak, sal per sms laat weet word om hul kunswerk na ontvangs van betaling af te haal.

---



# Program – 17 Julie

## OUDITORIUM
Klassieke Musiek

17:00 – 17:30 & 18:00 – 18:30

Etienne Kirsten - Klavier
*Theme from James Bond*

Marlé Greyling - Tjello
Anja Greyling - Viool
Begeleier - Fourie Greyling en Jeanine Marais
*Minuet in G, Ludwig Beethoven*

Beate Kirsten - Klavier
*Raised on the Gospel (Tim Richards)*

Millé Lewis - Klavier
*The Greatest Show on Earth*

17:30 – 18:00 & 18:30 – 19:00

Millé Lewis - Klokkies
*Reën, reën, lieflike reën (Sneeuwals)*

Lente Kleynhans - Klavier
*Amélie (Yann Tiersen)*

Sarét Bester - Sang
Begeleier - Steffie le Roux
*A Child's Prayer*

Shanae Nel, Elisha van Niekerk - Klavier
Marlé Greyling - Tjello
*Colours of the Wind (Alan Menken)*

## SAAL
Dans

17:00 – 17:30 & 17:30 – 18:00
&
18:00 – 18:30

Zeta Reyneke - Akrobatiese dans
*This is Me*

Grethe Malan – Ballet
*Interlude*

Emma Lok en Bella Jacobsz - Moderne danse
*A Duo* uit die fliek *An American Tail*

Chiara Muller - Ritmiese gimnastiek
*Altyd Ritmies*

19:00 - 21:00

Juniorkoor & Seniorkoor

Bekendstelling van:
**Rympies vir klein duimpies**
*Skrywer: Elna van Zyl*
*Illustreerder: Charlene Fourie*
*Voorlesing: Steffie le Roux*

**Steffie le Roux**

## VIERKANT
Lewendige Musiek en Instrumente

16:00 – 16:35 & 17:00 – 17:35

Elané Maree - Kitaar
*Rhinestone Cowboy*

Ethan de Bruin - Kitaar
*Medley*

Amanda Mabaso - Sang
*Arms (Cristina Perry)*

Carla Klingbiel - Sang
*A Million Dreams (The Greatest Showman)*

Bernard Nell - Dromme
*Seconds of Summer (Youngblood)*
*One Way or Another (One Direction)*

Rickus Cronjé - Sang
Begeleier: Isak Smith
*Photograph (Ed Sheeran)*
*Shadows (Rickus Cronje)*

Anja Engelbrecht - Sang
*Thank you for the music*
*(Benny Anderson en Bjorn Ulvaeus)*

16:35 – 17:00 & 17:35 – 18:00

Jukebox Heroes
Reghardt & Alanda de Bruin

18:00 – 18:45

**Beeskraal**

## LAPA
Spraak en Drama

17:00 – 17: 30 & 18:00 – 18:30

Carla Klingbiel - Dramatiese monoloog
*Vergete Een*

Anja Engelbrecht - Voorbereide redenaars
"Ons het die kuns van verloor, verloor."

Kevin Marais – Gedig
*Little Red Riding Hood & The Wolf*

Dirk Jacobs - Narrative prose
An extract from *BFG (Roald Dahl)*

Carla Klingbiel
Voorbereide redenaars

Kevin Marais en Carla Klingbiel – Samespraak
*Batman and Little Red*

## PERSONEELKAMER
Uitstalling

16:00 – 21:00

Kinderkuns: Veiling

**Klaré Art**

### 3. TOETSROOSTER

# Laerskool Unika

## Toetsrooster : Derde kwartaal 2019

| Datum | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|
| Vrydag 26 Julie | SW: Geografie | SW: Geografie | SW: Geografie | Tegnologie |
| Vrydag 02 Augustus | NWT | NWT | NWT | EBW |
| Donderdag 08 Augustus | Engels | Engels | Engels | Afrikaans |
| Vrydag 16 Augustus | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | NW |
| Vrydag 23 Augustus | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Engels |
| Vrydag 30 Augustus | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| Vrydag 06 September | | | | SW: Geografie & Geskiedenis |

- Toetse word aan die <u>begin</u> van die dag geskryf. Alle leerders moet <u>stiptelik om 07:40</u> begin skryf. Dit is baie steurend vir die res van die klas as iemand laat is.
- Neem kennis van ENGELS: gr. 4 – 6 en AFRIKAANS: gr. 7 wat op 'n Donderdag geskryf word a.g.v. openbare vakansiedag.
- Afbakening word een week voor die tyd aan die leerders gegee. Dit verskyn dan ook op die webtuiste.
- Ouers teken toetse as leerders dit terugkry - dit is baie belangrik dat ouers kennis neem van punte.
- Vir navrae aangaande toetse - kontak eers vakonderwyser, daarna DPS.
- Indien u nog enige verdere navrae het, kontak adjunkhoof en hoof.
- ***NB: NEEM KENNIS DAT LEERDERS OP VERSKILLENDE DAE SKRYF!***

## 4. KULTUUR & SPORT

Alle oefentye word op d6 geplaas. Inligting, wedstryde en optredes as volg kan ook op d6 gesien word:

**Hokkieliga: Dogters**

Dogtersliga o/9-o/12 begin op Dinsdag, 16 Julie om 13:30 by Laerskool Louw Geldenhuys.
Wees asseblief betyds. Bring jou stok, bal, mondskerm en 'shin-pads' saam. Baie sterkte!

**Hokkietoernooi o/13's – seuns en dogters**

Aangebied deur Helpmekaar by WITS op Vrydag, 19de, Saterdag, 20ste en Sondag, 21ste Julie om 14:00

**Landloopaflosbyeenkoms**

By H/S Bastion op Vrydag, 19 Julie

**GEEN** buitemuurse aktiwiteite op **Woensdag, 17 Julie** a.g.v. kultuurfees.

## 5. HULPVERLENING- EN LEESSENTRUMKLASSE

Hulpverlening- en leessentrumklasse begin op Maandag, 15 Julie. Leerders het reeds briewe ontvang.

## 6. BOME IS LEWE - SKOLEKOMPETISIE

**Bome is lewe - skolekompetisie:** kompetisie sluit op Donderdag, 18 Julie en alle inskrywings moet by juffrou Chanel ingehandig word.

## 7. NASKOOL – WOENSDAG, 17 JULIE

Op 17 Julie a.g.v. die kultuurfees moet naskoolouers asb. vanaf 15:00-16:30 gebruik maak van die hek in Locksleyweg (kleinveldjie) vir die afhaal van naskoolleerders. Vanaf 16:30-17:30 moet hulle gebruik maak van die hek in Oaklaan (onderwysersparkering) waar daar 'n naskoolpersoneellid aan diens sal wees. Al die ander hekke gaan ongelukkig gesluit wees.

## 8. SENIOR MEDIASENTRUM

**Gereelde hulp benodig by senior mediasentrum**

Die senior mediasentrum benodig steeds iemand om op 'n gereelde basis te kom help met dagtake. Dit sluit in boeke regpak, boeke oortrek, kodes op die sisteem inlees en nog meer. Dit is 'n enorme taak om die mediasentrum aan die gang te hou. Die medialeiers, tesame met juffrou Zani, kort iemand dringend wat 'n paar keer 'n week kan inkom om te help waar nodig. Kontak asseblief vir juffrou Zani Geldenhuys in die verband: zani.geldenuys@unika.co.za. Julle hulp sal opreg waardeer word.

## 9. PROSEDURES VIR E-POSSE AAN PERSONEEL

Neem asb. kennis van die prosedures van e-posse aan personeel:

Alle ***sportverwante sake*** - sport@unika.co.za

Alle ***akademiese sake*** – Eerste aan vakonderwyser: "cc" vir Angelique Godfrey (angelique.godfrey@unika.co.za) in asook vir Elna van Zyl (elna.vanzyl@unika.co.za).

Alle ***graadverwante sake*** – Stuur e-pos aan graadvoogde:

Graad 4: Estelle Els (estelle.els@unika.co.za)
Graad 5: Zani Geldenhuys (zani.geldenhuys@unika.co.za)
Graad 6: Belinda Swanepoel (belinda.swanepoel@unika.co.za)
Graad 7: Neal Stevenson (neal.stevenson@unika.co.za)

Enige ***ander sake (bv. Siekte, laat kom, algemene navrae ens.)***– (ontvangs@unika.co.za)

Enige ***versoeke om hoof te sien*** – (unika@unika.co.za)

RYMPIES VIR KLEIN DUIMPIES

BESTELVORM

Juffrou Elna van Zyl het haar skryftalent gebruik Om rympies vir kleuters te skryf met die hulp van juffrou Charlene Fourie wat haar lyf kunstenares gehou het met die pragtige illustrasies. Steffie le Roux, die bekende sangeres het die voorlesing van die rympies op CD gemaak. Elke kleuter kry die geleentheid om net lawwe rympies te lees, te hoor, te sien en sommer net uit die maag te lag.

Plaas u bestelling by juffrou Elna by elna.vanzyl@unika.co.za Om te verseker u loop nie hierdie winskopie mis nie teen die Bedrag van slegs R150.00 – wat die boekie en CD insluit.

KONTANT ASB.




SKRYWER: Elna van Zyl

ILLUSTRASIES: Charlene Fourie

VOORLESING: Steffie le Roux

(Steffieleroux@gmail.com)

# Naaldwerkklasse 3de kwartaal

Wees kreatief en leer hoe om iets nuuts te maak wat jy kan gebruik.

Wanneer: Donderdae 14:00-15:00 of 15:00-16:00 (eerste klas 18 Julie 2019)

Koste: R450 vir 6 klasse van 1 uur elk.

*Alle materiaal word voorsien.

Plek: LS Unika kamer 27

*Beperkte plekke beskikbaar.

Kontak juffrou Charlotte Otto vir enige navrae:

[Charlotte.Otto@unika.co.za](mailto:Charlotte.Otto@unika.co.za)









# La Couronne Dental Care

**Tandarts /Dental Surgeon**

**Dr. Ryno de Vos**

**011 792 2555/6**

info@lacouronnedental.com

168 Oak Ave, Ferndale Ridge, Randburg

*"We can't wait to see your Smile!"*

LA COURONNE

# Lees, wiskunde en leer - maklik gemaak!

EDUBLOX

35+ Jaar in die bedryf | Navorsingsgebaseerd | 95% Sukseskoers

Leer is baie soos om 'n huis te bou.

Sonder 'n sterk fondasie, sal die mure kraak en inmekaarsak.

Kinders kort ook 'n sterk fondasie vir leer.

Kognitiewe opleiding bied die boublokke vir 'n sterk fondasie vir lees, skryf, en hoofrekene.

**Edublox spesialiseer in opvoedkundige intervensies wat bestaan uit kognitiewe opleiding, lees, spel, leesbegrip en wiskunde.**

"Dankie vir alles wat julle gedoen het om my seun te help. Ek het nie woorde om te beskryf hoe dankbaar ons is nie!"

-Natasha, Edublox mamma

Suksesvolle kinders. Trotse gesinne!

www.edublox.co.za
www.edubloxtutor .com

082 531 7200 | 011 764 5824 | monique@edublox.com | I'Corro Shopping Centre Northcliff




**<u>HAPPY AUGUST NATIONAL WOMEN'S MONTH!</u>**

To celebrate, Pilates Dynamics (an international training facility), is offering a free month to any friend of our existing clients. Bring a friend with to any Private; Semi-Private; or group classes and they can join any Pilates; Bootcamp; or Yoga free of charge for the month of August.

**NOT AN EXISTING CLIENT??** No problem, **<u>HAPPY AUGUST NATIONAL WOMEN'S MONTH!</u>**

To celebrate, Pilates Dynamics (an international training facility), is offering a free month to any friend of our existing clients. Bring a friend with to any Private; Semi-Private; or group classes and they can join any Pilates; Bootcamp; or Yoga free of charge for the month of August.

**NOT AN EXISTING CLIENT??** No problem, sign up for August and qualify for a 50% rate reduction!
Space is limited, so pre-bookings are essential. Contact us on 011-792 5459 or 072 999 2229 or email <u>info@pilatesdynamics.co.za</u> or visit our website on <u>www.pilatesdynamics.co.za</u>
sign up for August and qualify for a 50% rate reduction!
Space is limited, so pre-bookings are essential. Contact us on 011-792 5459 or 072 999 2229 or email <u>info@pilatesdynamics.co.za</u> or visit our website on <u>www.pilatesdynamics.co.za.</u>